Tema: Jou dankoffer is ŉ belegging wat God bly maak en in Christus laat Hy jou deel in ŉ rykdom van onskatbare waarde.

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens
Ps. 107-1: 1, 10

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 123-2: 1
Votum
Seën
Loflied: Ps. 116-1: 1 (almal); 7 (srs), 8 (brs), 9 (almal)
Geloofsbelydenis: Sondag 10 uit die HK
Sing Lied 577: 1, 5

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eks 20
Sing Ps. 103-1: 9
Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Filippense 4: 15 - 23
Teks: Fil. 4: 17 - 20
Sing Ps. 112-2: 1, 2
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Bevestiging van kerkraadslede
Sing Ps. 134-2: 2;
Slotsang: Sb 17-1: 1, 5, 6
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs

Ons praat vanmore oor ons gemeente se begroting vir die volgende jaar. Dit gaan oor die inkomste wat ons moet kry om die uitgawes wat daar is, te kan bekostig. Dit gaan oor geld! My en jou geld? Nee! God se geld! Die geld wat Hy aan ons gee om van te lewe en ook om dankoffers van te gee sodat sy werk gedoen kan word.

En nou is dit tog vreemd dat sommige gelowiges baie sensitief word die oomblik as die woord 'geld" van die kansel af genoem word of as 'n ouderling daaroor met jou kom gesels by die huis. **So asof geld en geloof nie in een sin bymekaar hoort nie!**
Ouderlinge is dikwels baie onseker en versigtig om hieroor met lidmate te praat want "ons tog moet net nie by lidmate geld vra nie"!

En tog vra die Here dit van elkeen van ons asof dit die mees natuurlikste dink op aarde is! Reg van die begin van die Bybel af is die dankoffer van gelowiges vir God belangrik en stel Hy dit as 'n belangrike deel van ons verhouding met Hom! Sommer alreeds in **Genesis 4 lees** ons dat Kain en Abel "uit hulle opbrengs aan die Here 'n offer gebring het". **Alreeds daar leer ons dat my geld en my dankoffer iets sê van wat in my verhouding met die Here aangaan.**

Waaraan is hierdie sensitiwiteit oor geld by sommige gelowiges toe te skryf? Is dit dalk omdat ons al so vasgevang is deur die **gees van materialisme** dat ons dink ons geld behoort aan ons en dat "die kerk" en daarom God nie eintlik reg daarop het nie Is dit dalk omdat ons **soos Kain skuldig voel oor ons verhouding met God en daarom ook skuldig voel oor die dankoffe**r wat ons gee of nie gee nie! Of verstaan ons dalk net nie **wat God se bedoeling m**et die gee van geld is nie en dat ons gesindheid daaroor heeltemal verkeerd is.

Kom ek probeer om hierdie gesindheid oor die gee van geld bietjie prakties te maak dat ons kinders dit ook kan verstaan:
Br en sr, wat betaal jy met 'n lekkerder hart: 1. jou skuld wat kom in vensterkoevertjies of 2. jou maandelikse deposito in jou beleggingsrekening waaroor jy groot drome droom. Ek is seker jy stem saam dat die beleggingsgeld die lekkerste is om te betaal. **Ons kinders spaar moes ook opgewonde om eendag iets met die spaargeldjie te doen!** Kinders: wie van julle het 'n spaarbussie waarin jy van die geldjies spaar wat mamma of pappa vir jou gee? (steek hande op) En wat wil jy vir jou daarmee koop?

Br en sr, besef jy dat jou dankoffer aan die Here ook so 'n beleggingdeposito is? Dat ons daaroor opgewonde kan wees en dit met 'n heerlike verwagting vir die Here kan gee?

Die Here leer ons vanmore: Jou dankoffer is ’n belegging wat God bly maak en in Christus laat Hy jou deel in ’n rykdom van onskatbare waarde.

Ja, jou dankoffer is nie geld in ’n put van uitgawes wat nie gaan vol word nie! **Jou en my dankoffer is ’n belegging waaroor ons opgewonde moet wees!** Soos Paulus dankbaar en opgewonde was oor die lidmate van die gemeente in Philippi se dankoffers.

Hierdie gemeente het ’n besondere verstaan gehad van waarom dit noodsaaklik is om dankoffers te gee. Het julle opgelet dat Paulus in vers 15 sy werk op ’n baie besondere manier kwalifiseer? Hy sê: “van die begin van die **evangelieverkondiging”**. was hierdie gemeente een van die min gemeentes wat volhardend bygedra het tot sy inkomste en uitgawes. **Dit gaan dus oor die verkondiging van die Here se Woord.** Dit is waarvoor die gemeente bygedra het. Dit is hoekom die Here alreeds in die Ou Testament sekere offers in gestel het en van die volk sekere gawes verwag het sodat die diens by die tabernakel en later by die tempel gedoen kon word. Sodat die priesters God se werk kon doen!

En daarom spreek Paulus sy dank teenoor die gemeente uit vir hulle versorging! Net so wil ek en ds. Karel en ons gesinne ook vanmore teenoor die Here ons dank uitspreek vir die wyse waarop julle as gemeente ons versorg! Ons is baie dankbaar vir ons versorging!

Maar let mooi op! Paulus laat val **nie die klem in vers 17 op sy versorging nie! Hy wil vir die gemeente iets diepers laat raaksien in die geld wat hulle gee vir sy versorging.** Bo en behalwe dat die gemeente met hulle geld God se Woord laat verkondig, bydra tot die redding van sondaars en God se koninkryk help bou, **kry hulleself ’n wonderlike wins op hulle dankoffers! Dit is wat letterlik staan in vers 17: Paulus sê: ek wil graag hê dat julle dankoffers “ ’n kredietinskrywing op julle eie rekening moet wees”.**

Wat sê die Here vir ons? Ons dankoffer is soos ’n belegging wat ons maak waarop ons wonderlike groei kan verwag! En met watter gesindheid gee ’n mens ’n bydra vir so ’n winsgewende belegging? Met blydskap en oorvloedig! Jy sal elke sent wat jy nog kan spaar in daardie rekening sit – want dit gaan vir my ’n groot opbrengs bring!
Dis ook hoe ek my dankoffer moet sien en hoe ons as gemeente ons begroting moet sien – dit wat ons voor begroot **in die verkondiging van die Woord in ons gemeente en na buite is soos ’n belegging wat vir ons as gemeente en vir elke lidmaat ’n wonderlike wins oplewer!**

Br en sr, met hierdie verkondiging wil die Here vanmore by elkeen van ons ’n totaal ander verstaan van en gesindheid oor ons geld en ons dankoffers bewerk! Is dit nie ’n wonderlike beginsel en gesindheid waarmee ek oor my eie

dankoffer kan nadink en kan dink oor "geld vir die kerk" of dank eerder met dankie sê vir die Here nie?
Dat ons soos kinders en hulle spaarbussies kan dink oor my dankoffer vir die Here!
En hierdie is die beginsel wat God dwarsdeur die Bybel openbaar! Dit was so in die Ou Testament met die offers wat die volk vir die Here moes bring! Dit waarom die Here die beginsel van die tiende ingestel het. My dankoffer moet in verhouding staan met wat die Here vir gee! Die Here vra nie meer as wat Hy vir jou gee nie!

En as hulle met die verkeerde gesindheid swak offers bring dan straf die Here hulle! Wanneer in Haggai se tyd sê dit gaan nou te swaar met ons ons kan nie dankoffers gee nie, dan sê die Here: nou sal ek dit nog swaarder met julle laat gaan: dit sal vir julle voel asof julle beursies gate in het soos die geld daaruit sal verdwyn omdat julle die Here beroof!

Deur Maleagi sê die Here vir die volk: [8]Sal 'n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra: "Waarvan beroof ons U?" Van tiendes en offergawes. [9]Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle My beroof; die hele nasie doen dit. [10]Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.

Die Here sê in 2 Kor. 9: "Wie karig saai sal karig oes, wie volop saai sal volop oes" en ook dat Hy 'n iemand wat vrymoedig en dankbaar gee, baie lief het!

Brs en srs, 'n dankoffer wat volgens hierdie riglyne van God gegee word, is 'n ontsaglike groot belegging! Want sê Paulus: die geld wat ek so vir my Vader gee, ontvang Hy op 'n baie besonderse wyse. God ontvang dan my geld op 'n baie besondere manier: **Dit is eerstens vir Hom – 'n offer** – iets wat ek opoffer, iets wat ek van Hom ontvang het, wat ek vir Hom teruggee! Want dit is wat 'n offer is! Ek gee terug wat aan die Here behoort!

In die tweede plek is dit "'n lieflike geur" in die neus van die Here. Dit is vir Hom aangenaam. **Kinders,** in die ou tyd toe die mense hulle dankoffers vir die Here gebring het, dan het **hulle wierook** op die vuur gegooi en wierook het die offer lekker laat ruik! Dit is waarom Paulus hier sê wanneer ek my geld vir die Here met die regte gesindheid gee, dan is dit vir Hom soos 'n lekkerruik geskenkie!

Derdens is my dankoffer dan vir die Here "aanneemlik". Die Here aanvaar dit, Hy wys dit nie weg soos Hy baie keer met die volk gemaak het as hulle op die regte wyse hulle offers gebring het nie! Die Here aanvaar my offer – soos die van Abel en nie soos die van Kain nie!

Laastens is my dankoffer vir die Here "welgevallig". Dit maak die Here bly! My geldjie maak die Here bly! **Nie omdat Hy my geld nodig het nie – maar omdat Hy in die gee van my dankoffer my hart gesien het! Omdat my dankoffer vir die Here gewys het hoe lief ek Hom het! Hy het gesien dat ek gewillig en vrymoedig gee en dit maak die Here bly! WIE VAN ONS WIL NIE SO GEE DAT ONS OFFER SO BY DIE HERE ONTVANG WORD NIE!**

En dan kom die Here se belofte: omdat God my hart, my gesindheid, my liefde en my dankbaarheid gesien het, sluit Hy vir my die heerlike rykdom in Christus oop! 'n Rykdom van onskatbare waarde!

Brs en srs, God gee vir ons alleen omdat Christus vir ons hierdie rykdom by God gaan verwerf het! Dit was eintlik Christus wat vir **ons 'n beleggingsrekening** by God oopgemaak het omdat Hy vir al ons skuld betaal het! **In Hom deel ek nou aan die onberekenbare rykdom wat God in Christus vir my wil gee.**

Nou is my dankoffer nie die afbetaling van skuld nie maar die bewys van my dankbaarheid omdat in Christus gered is en deel kan kry aan die heerlikheid van die koninkryk van God! Onthou julle nog die onberekenbare waarde van die skat in die saailand en die pêrel wat die handelaar gevind het! Dit is Christus en uit sy heerlikheid gee God nou vir ons!

Verkondig ons dan nou 'n voorspoedsgodsdiens? Beteken hierdie beginsel van my dankoffer as 'n belegging dat hoe meer ek gee, hoe meer gaan die Here my gee? Dat ek ryk gaan word as ek 'n groot dankoffer gaan gee? **Nee! Kyk mooi na vers 19.** Daar staan: "En my God sal in elke **"behoefte"** van julle ryklik voorsien". Nie in my begeerte na rykdom nie! **Elke behoefte! Hy sal in al my behoeftes ryklik voorsien! Sodat ek nie besorgd en bekommerd hoef te wees nie!**

Al my behoeftes, brs en srs, dit sluit al die geestelike en materiële behoeftes in wat ek mag nodig kry! Hoekom dink ons sal dadelik aan geld en rykdom? My behoefte om waardige mens te wees, my behoefte aan liefde en koestering, my behoefte aan verlossing en geloofsekerheid, my behoefte aan die ewige lewe, my behoefte om sonder vrees en bangheid te lewe! Noem maar op! **Die Here sal in oorvloed voorsien! En ja, ook in my behoeftes aan geld, en kos en klere en behuising en versorging! Die Here sal in oorvloed voorsien!** Oorvloed? Wat beteken oorvloed? Dat ek tevrede kan wees, vergenoegd kan wees! Dankbaar kan wees!

Brs en srs., God, die Heilige Gees bewerk hierdie oorvloed vir ons! Hy verander ons harte, ons gesindheid en ons denke! Hy laat hierdie woord van vanmore ook diep in my insink en gebruik dit om my te vernuwe oor my dankoffer. Dis Hy wat sy vrug in my werk en my met gawes oorlaai sodat ek aan God diensbaar kan wees!

Geliefdes, kom ons hoor wat die Gees ons vanmore leer oor ons en ons gemeente se begroting! Wat het die Gees ons geleer? Dit: Jou dankoffer is ’n belegging wat God bly maak en in Christus laat Hy jou deel in ’n rykdom van onskatbare waarde.

Kom ons verander ons gesindheid oor ons dankoffers en dan ons die somme oor ons dankoffers en die wyse waarop ons gemeente ons begroting spandeer.

Mag die Gees ook ons harte aanraak sodat ons dankoffers en ons gemeentelike begroting ’n vreugdevolle belegging word!

Amen